

# JAGTER

SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN

# HUNTER



**HUMOR**

**MET 'PEIL'  
EN BOOG**

**CAMP COOKING**


**ROOSTERKOEK  
WITH A  
DIFFERENCE**

**KOEDOEJAG**

**'n Bul in  
die ruigtes**

**LEICA 2700-B**

**A gem of a  
rangefinder**



**Vat die spoor  
by Moholoholo**

**SNAKEBITE**

**WHAT TO DO**

**BLASER INFINITY  
Geweerteleleskope**

RSA R39.90 (Vat Incl)  
NS42.00 (Namibia)




9 770259 935002

Visit us at:

  
**HuntEx**  
2018  
EXHIBITOR

Rifles can only be sold to permit holders.



THE NEW  
**SAUER 100.**  
PREMIUM  
COMES  
STANDARD.

L&O South Africa - Importers & Distributors

Phone: +27 (12) 819 7800/11 • E-mail: [infos@lo-int.com](mailto:infos@lo-int.com)

[WWW.SAUER.DE](http://WWW.SAUER.DE)

**SAUER** 

## INLIGTING OOR DIE SA JAGTERS- EN WILDBEWARINGSVERENIGING

Tel: 012-808-9300 faks: 012-808-9344  
SAJWV: LEDENAVRAE, Tel: 012-808-9300

## REDAKSIE

**REDAKTEUR:** Koos Barnard  
Koos.Barnard@media24.com  
Tel: 012-485-9401

**REDAKSIONELE HOOF:** Chris Burgess  
**SUBREDAKTEUR (VRYSKUT):**  
Eunia Barnard (Artikelnavrae & taalversorging)  
Eunia.Barnard@media24.com  
Tel: 012-485-9402

**SUBREDAKTEUR:**  
Marisa Beeton (Taalversorging)  
Marisa.Beeton@media24.com Tel: 012-485-9350

**UITLEGKUNSTENAARS:**  
Marthie van Dyk – Marthie.vanDyk@media24.com  
Tel: 012-485-9404 Faks: 086-559-8004  
Malinda Craythorne (Advertensie-ontwerp)  
Malinda.Craythorne@media24.com  
Tel: 012-485-9405 Faks: 086-535-4073

**SEKRETAAR:**  
Patricia Jooste (Navrae/Administrasie)  
Patricia.Jooste@Landbou.com  
Tel: 012-485-9382 Faks: 086-535-4058

**MEDEWERKERS:**  
Herman Jonker  
Kassie Kasselman  
Cassie Nienaber  
Johan van Wyk

## ADVERTENSIES

**BESIGHEIDSBESTUURDER:** Dirk Lamprecht  
012-485-9356 / Dirk.Lamprecht@media24.com

**ADVERTENSIEKONSULTANTE:**  
Jacomien Oosthuizen 012-485-9353/082-495-2909  
Jacques Boshoff 012-485-9360/079-528-8793

## INTEKENARE-NAVRAE:

Tel: 087-740-1018/Faks: 086-457-5916  
E-pos: hunter@media24.com  
Webtuiste: www.sahunt.co.za

**MEDIA 24**



## MEDIA24 WEEKLIKSE TYDSKRIFTE

**HOOFBESTUURDER:** Minette Ferreira  
**UITGEWER:** Theuns Venter  
**ADMINISTRASIE:** Johan Terblanche  
**SIRKULASIEHOOF:** Leonie Volschenk  
**SIRKULASIE:** Armand Kasselman  
**INTEKENARE:** Elmarie Eygelaar  
**HOOF MEDIA24-TYDSKRIFTE:** Ishmet Davidson  
**HOOF FINANSIES-TYDSKRIFTE:** Raj Lalbahadur

**DRUKKER:**  
Paarl Media Cape, 10 Freedom Way,  
Marconi Beam, Milnerton, 7441.

**UITGEGEE & VERSPREI:**  
Media24 (Reg. no. 05/038385/06),  
Heerengracht 40, Posbus 2271, Kaapstad, 8000

© Kopiereg SA JAGTER/HUNTER. Alle regte voorbehou. Menings van medewerkers, rubrieksrywers en korrespondente word nie noodwendig deur SA JAGTER/JAGTER onderskryf nie. Die redakteur behou die reg om artikels en briewe te verander en/of te verkort. Die uitgewer aanvaar geen aanspreeklikheid vir die inhoud van advertensies nie.

SA JAGTER/HUNTER ruil nie advertensiespasië of gunstige redaksionele verslae oor produkte en/of jagbestemmings vir gratis jagte of produkte nie.

# INHOUD

SA JAGTER/HUNTER | MEI 2018

## RUBRIEKE

- 4 In my visier
- 6 Bospos – Sê jou sê
- 8 Snelvuur
- 10 Dooierus – Met 'peil' en boog
- 52 Bokspog

## ARTIKELS

- 12 Blaser se arendsoog  
Koos Barnard
- 16 Archery Trade Association Show  
Danie Geel
- 20 Die bul in die ruigtes  
Koos Barnard
- 26 Diverse  
Tuba van der Walt
- 32 Wat is nuut by HuntEx?
- 38 Bagels over the coals  
Tubby Melidonis
- 46 Vat sy spoor  
Koos Barnard
- 56 Snakebite – what you should,  
and shouldn't do  
Paul Donovan

## SAJWV

- 50 Overberg-tak verleen droogtehelp  
Fred Camphor

## IN DIE KOL

- 34 Leica Rangemaster 2700-B  
Koos Barnard

## PRODUKTOETS

- 30 Beskermengele vir oë en ore
- 60 Bag it this winter



### VOORBLAD:

Blaser se nuwe Infinity-teleskoop,  
gemonteer op 'n Blaser R8-geweer


### GEWEER- EN AGTERGRONDFOTO'S:

Koos Barnard.



IN MY VISIER

# Bo blink onder stink



**D**is wat baie buitelandse jagters blykbaar van ons jagbedryf dink. Dis moeilik om 'n ander afleiding te maak, want die getal buitelandse jagters wat Suid-Afrika besoek, het sedert 2008 drasties afgeneem.

Vroeër jare het tot 16 000 buitelanders hul skote hier kom af-trek, maar daardie getal het gekrimp tot 7 366 in 2015 en 6 537 in 2016. Daar word baie redes voorgedra vir hierdie daling waarvan die droogte en persoonlike veiligheid twee is. Daar is egter verskeie ander dinge wat die bedryf kwel en intensiewe wildboerdery is een daarvan.

Natuurlik het hierdie tipe boerdery wat op 'n wetenskaplike wyse beoefen word nie net 'n baie belangrike plek in ons wildbedryf nie, dis eintlik broodnodig vir die volhoubaarheid van die wild- en jagbedryf. En tog blyk dit ook tot 'n mate die Achilleshiel van dié bedryf te wees.

Intensiewe wildboerdery het vir ons piepklein jagplase gebring: geteelde leeu-jag; kleurvariante; mak diere wat in klein kampies geteel is en jagters groot-oog staan en aankyk sonder om te probeer vlug; wild met oorplaatjies in en luukseboogskuilings by watergate (om maar net 'n paar dinge te noem).

Ek het onlangs 'n skuiling op 'n "jagvideo" gesien wat 'n bed-toilet en ander luukse in het. Dis so groot, 'n hele gesin kan

met gemak daarin rondstap.

Ons laat skiet ook buffels en ander wild by voerplekke. Daar was onlangs 'n video in omloop van iemand wat 'n buffel by 'n voerplek uit 'n skuiling met 'n grootkaliber-windbuks geskiet het. Dis dié tipe dinge wat ons as "jag" bemark en waarmee baie jagters nie saamstem nie. Dis die dinge wat ons naam beswadder. Die leeu-jagsage en PHASA se standpunt het natuurlik nóg troebel water veroorsaak.

Natuurlik gebeur sulke dinge in ander lande ook. In Brittanje en Amerika (om maar net twee te noem) word wild op groot skaal intensief geteel en veral Amerika is bekend daarvoor dat boog- en geweerjagters daar diere uit skuilings skiet. Om egter die vinger na ander te wys gaan nie jagters na Suid-Afrika toe lok nie.

Onlangs lees ek ook 'n stuk op Facebook van 'n gerespekteerde beroepsjagter wat by sy kollegas pleit om op te hou om vir jagters te lieg as hulle bemarking gaan doen. Soos die Engelse sê: "Enough said."

Die wildborrel het toe gebars of genoegsaam gebars dat baie wildboere nou skarrel om hul wild verkoop te kry. Waar daar voorheen hoofsaaklik beroepsjagters was wat oorsee gaan kliënte werf het, besoek 'n toene-mende getal wildboere nou self die buitelandse jagskoue. Hulle teelbedryf moes vinnig omskakel na 'n jagbedryf toe. Hierdie boe-

re omseil dus die beroepsjagters/jagondernemers wat reeds in die mark is en so word die druk op hierdie poel mense al groter om maniere te vind om hul ondernemings te bemark. 'n Ooraanbod van wild, beroepsjagters en wildboere op die oorsese mark kan net moeilikheid voorspel vir ons plaaslike bedryf.

Daar is volgens sommige mense se mening te veel beroepsjagters in die land, mense wat prys-gewys nie kan meeding met die wildboer wat sy eie wild bemark nie. Baie van hierdie onderne-mers het geen ander inkomste nie. Wat sal hulle moet doen om steeds kliënte te lok na 'n land wat vir baie mense 'n onaan-vaarbare jagbestemming geraak het? Wildboere en beroepsjagters knor nou vir mekaar en so ook beroepsjagters vir mekaar. Suid-Afrikaanse en Namibiese beroepsjagters slinger lekker modder heen en weer.

Selfs vir plaaslike jagters is daar nou 'n nóg meer gesonde aanbod van wild. Nog nooit vantevore is SA JAGTER/HUNTER se Koop en Verkoopblad op Facebook so oorval soos hierdie jaar met mense wat wild en jagplek probeer verkwasel nie.

Jag vir die pot of biltong het die afgelope paar jaar baie duur geraak, want skaarswildboere het vroulike diere gesoek (wat gewild is onder biltongjagters) vir die teel van hul gekleurde bokke. Daardie prentjie is nou besig om te verander. Kleurvari-

ante en ander sogenaamde eksotiese wildsoorte se pryse het sodanig gedaal dat dié diere nou teen veel meer bekostigbare pryse gejaag kan word. Trouens sommige pryse het so geval dat sommige wildboere baie groot verliese gely het en nou moet bontstaan om verdere skade te probeer voorkom.

Jag in Suid-Afrika het oor die afgelope twee dekades of so onherroeplik verander. Gierigheid en kortsigtigheid het ons laat beland waar ons nou is. Ons is ongelukkig bo blink maar onder stink. Ek moet egter byvoeg dat ons huidige politieke klimaat dit vir mense moeilik maak om nie "vandag" soveel as moontlik te wil probeer skep terwyl hulle kan nie, want môre is hulle dalk hul grond of hul onderne-mings kwyt.

Daar is baie mense wat glo dat ons ons jagbedryf kan om-draai. Dat ons weer die kroonjuweel kan raak wat ons eens was. Maar dit sal nugter denke verg en 'n terugkeer na sekere ou waardes en gebruike. Suid-Afrika is 'n wildparadys en ons kan dit weer 'n ware jagparadys ook maak. 'n Plek waar mense tou voor sal staan om te kom jag. Alle betrokkenes sal net moet **handevat en saamwerk**.

Of is dit dalk te veel gevra? Mooi loop!

*Koop*

# Dinner is out there

you just have to find him.



**RAZOR GEN II**  
5-20 x 50



**VIPER**  
6.5-20 x 50



**DIAMONDBACK HP**  
4-16 x 42



**CROSSFIRE II**  
6-24 x 50 A0

BOSPOS

# Sê jou sê

E-pos na [marisa.beeton@media24.com](mailto:marisa.beeton@media24.com)

## WENBRIEF

### TAKEAWAY-JAGTERS

Die jageisoon is op hande en daar is baie manne wat graag wil gaan “jag”. Jy sien nou gereeld plasings op Facebook van mense wat jagplek soek binne ’n sekere radius van die stad waar hulle woon. Hulle dui ook die spesies aan wat gejag moet word. Dit het my laat dink aan ’n *takeaway*-restaurant – jy besluit waarvoor jy lus het, kyk waar die naaste *takeaway* is, ry daarheen en koop iets deur ’n venster.

Het die jagbedryf in Suid-Afrika ’n *takeaway*-besigheid geword? Wildboere in die Bosveld veral (ek mag verkeerd wees) begin spesies op plase aanhou wat nie natuurlik daar voorkom nie en dan eers moet aanpas voordat hulle gejag kan word. Wildplase raak net soos die wegneemete-restaurante met ’n verskeidenheid op die spyskaart. Die rede hiervoor is heel ekonomies: Daar is ’n groot mark, veral in Gauteng. Ja, ek weet ons omstandighede is vandag van so ’n aard dat tyd geld is en geld skaars is. Dit baan die weg vir boere om ’n groot verskeidenheid wild aan te bied vir die *takeaway*-jagter wat gou sy

bokspesie binne ’n dag wil skiet.

Maar waarin lê die genot as jy ’n Kalahari-gemsbok buite sy natuurlike habitat van rooi sandduine jag, of ’n buffel net ’n uur se ry uit Kaapstad? Die uit-tog na ’n spesifieke streek om ’n bok te gaan jag wat net dáár natuurlik voorkom, maak die ervaring mos soveel meer spesiaal. En wat is een of twee ekstra dae weg van die kantoor dan nou?

Ek is dalk ook ’n *takeaway*-jagter, maar kom, laat ons ons leefstyl verander. Kom ons begin “organies” jag.

**HEIN HANEKOM**

*\*Hein wen die R500-geskenk-bewys van Safari Outdoor.*

### BENUTTING IS BEWARING

Op pad na ’n troue in die Kaap, en met die voorneme om rustig te ry tot daar, het ek besluit om tydens die rit soveel as moontlik wildreservate (waar daar gejag word) te besoek. Nodeloos om te sê, die rit het vier dae geduur!

Tussen-die-Riviere se wildreservaat was eerste aan die beurt. Op die oog af het alles goed en gesond gelyk. Die behulpame personeel was baie vriendelik en kort voor lank was ons land en sand aan die gesels met hulle.

So met die geselsery hoor ek dat die betrokke minister se kantoor die afgelope drie jageisoonse geen jagpakkette goedkeur het vir hierdie, sowel as die Sandveld-wildreservaat nie. Nou waarom nie? Dit is die Departement van Omgewingsake se geheim, kom die antwoord.

Na my mening is selektiewe uitdunning van wild die behoud van volhoubare wildboerdery (ook in reservate) en die suksesvolle oordraging van die dominante gene. As wildgetalle in hierdie reservate handuitruk, sal die wanbalans nagevolg hê wat lank sal neem om te herstel.

Indien daar ’n finansiële ant-

woord op die departement se “geheim” is, waar kom die fondse nou vandaan om die nodige herstelwerk aan die geboue te doen? (By die ingang lê ’n gedeelte van die dak op die grond.)

As ons nie benut nie, kan ons ook nie bewaar nie.

**JOHAN REYNEKE**

### DIE VERGETE .303

In 1974 was my pa besig met sy laaste weermagkamp toe hy besluit om ’n .303-geweer by die Weermag te koop. Die wapen was nuut, nog in sy “oliesak”. Dit beteken die geweer was nog vol ghries en is nog nooit gebruik nie. Waar my pa op daardie stadium die geweer gebêre het, weet ek nie.

In 1980 het my pa se broer, oom Willie, ’n plaas in die Naboomspruit-area gekoop en besluit om ’n huis daar te bou. Dit het hy stuk-stuk gedoen en oor baie jare. Met die bouery en ander werk op die plaas het ons elke vakansie gaan help en elke beskikbare geleentheid wat ons gehad het, is ons gesin na oom Willie se plaas toe. My pa moes op een of ander stadium die ou .303 daar by oom Willie “gestoor” het.

Ek en my neefs (wat baie ouer as ek was) het graag gaan vlakvarke skiet met die .22 – geen korrel en geen teleskoop was op die geweer nie, ons het sommer so uit die heup uit geskiet! Lekker dae.

Toe ek 13 was, het ons Vrystaat toe getrek en ons is nie weer plaas toe nie. Na skool het ek in Pretoria gewoon. Ek en my gesinnetjie is een naweek Naboom toe en dit was wonderlik om my tannie Annetjie en oom Willie na jare weer te sien. Hulle het op die plaas afgetree. Na hulle op pensioen gegaan het, het hulle nog 20 jaar op die plaas gewoon. Daarna is die plaas verkoop.

Die nuwe eienaar het een dag uit die bloute gebel en laat weet dat hy ’n wapen in die plaashuis se dak gekry het. Ou mense het mos als van waarde bo-op die plafon weggesteek. Dit is natuurlik waar my pa toe die geweer weggesteek het nadat oom Willie se huis klaar gebou was! My pa het heeltemal vergeet van

sy .303 in die “kluis”!

Ek het die wapen gaan haal. Die wit wapensak was vuil en daar was los stukke in die sak. Die kolf was los en gekraak, die res van die hout was gebreek en daar het skroewe gekort. Dit was ’n 1916 SMLE (Small Magazine Lee Enfield) MK III. Gelukkig was die aksie nog pragtig en die loop roesvry.

Die .303 het sedert 1983 (ongeveer vir 34 jaar) daar in die dak van die huis gelê. Die hout het natuurlik nat geword en geswel. Met die hout van twee ou gedeaktiveerde wapens het ek die kolf na die beste van my vermoë herstel. Ek het amper op my rug geval toe ek by die SAP uitvind dat die ou .303 toe nog steeds op my pa se naam was. (My pa het in die 1980’s sy paspoort verloor waarin sy vergete .303-lisensie was.)

En vandag staan dié ou krygsman trots by my in ’n regte wapenkluis.

**OPPIES OPPERMAN**

### PERFEKTE DIENS

Ek het in 2015 vir my een van Mauritz Bosman se Perfect Bullet Pullers gekoop. Dit het uitstekend gewerk. Toe het ek ’n klompie ou herlaaide ammunisie in die hande gekry en wou die koeëls trek om die doppe te gebruik.

Die koeëls wou net nie uit nie en in die gestoei het die Bullet Puller Holder tot teenaan die pers gedraai en die ekstra krag wat daarop uitgeoefen is, het veroorsaak dat die metaal gekraak het. (My fout!)

Ek het Mauritz geskakel en vertel wat gebeur het en wou ’n nuwe Holder koop. Sy reaksie het my stomgeslaan: “Al wat jy moet doen, is om vir my jou naam en adres te SMS. My Perfect Buller Puller het ’n onvoorwaardelike waarborg. Ek stuur vir jou ’n nuwe een.”

In ’n wêreld waarin daar min te kies is tussen produkte, is dit dikwels die diens en veral naverkoopdiens wat die keuse bepaal. Die diens en waarborg van Mauritz Bosman was eersteklas. Nogmaals dankie, Mauritz.

**ETIENNE MARE**

WENBRIEF  
WINNING LETTER

**R500**  
GIFT VOUCHER



**SAFARI  
OUTDOOR**






[www.safariboutdoor.co.za](http://www.safariboutdoor.co.za)

# DETECT YOUR PREY

With the powerful **MARS-HD Thermal Series**



## FEATURES

-  RECORD HD VIDEO
-  WiFi
-  BLUETOOTH
-  3D GYROSCOPE
-  RECOIL ACTIVATED VIDEO (RAV)



REFRESH RATE: 60 Hz

## SPECIFICATIONS

	MARS-HD 384	MARS-HD 384	MARS-HD 640	MARS-HD 640
	1.25 - 5x	4.5 - 18x	2.5 - 25x	5 - 50x
Magnification	1.25 - 5x	4.5 - 18x	2.5 - 25x	5 - 50x
Recognition	280	600	600	1100
Range				

VISIT US AT  
HUNTEX 2018

**HALL 2**  
**STAND 250**

26-29 APRIL


THERMAL IMAGING | NIGHT VISION | HUNTING & TACTICAL | SELF-DEFENCE

See all ATN products and more on:

**www.ecmtech.co.za**

## KORTLIKS

# Snelvuur



## A WORLD OF SUBSPECIES

Most of us think that a warthog is a warthog and a zebra is a zebra. Nothing could be further from the truth. Almost all the African game species are represented by a number of subspecies.

Stephan J. Carton-Barber's book, *African Game Species and Subspecies* is a wonderful work, highlighting the large number of subspecies of African game animals. Some 20 years or so ago Stephan was looking for a book on African subspecies but could not find one because such a book did not exist at the

time. Being a game farmer and thoroughly interested in all game animals and the ways of the wild, he decided to solve that problem. The result is this beautiful book of almost 470 pages in which the different animal species are richly described and illustrated with magnificent full-colour pictures.

This is truly one of the most informative books on African wildlife. It has 63 chapters. Chapters one to three cover the introduction, taxonomy and the distribution of game. In chapters four to 63 the animals are discussed, with some chapters covering more than one species.

Stephan dedicated this book to his late son Devlin who was murdered at age 27.

SA JAGTER/HUNTER highly recommends this wonderful book. It is a must have for all those who love and admire African game animals.


\* African Game, Species and Subspecies is available from most leading bookshops and sell for R1 295. Or you can order a copy by writing to info@sub-speciefoundation.org

## AFRICAN MEDIUM GAME CARTRIDGES

Pierre van der Walt het op 31 Maart sy nuutste boek, *African Medium Game Cartridges* bekend gestel. Dit handel, soos die titel aandui, oor kalibers wat geskik is vir gebruik op medium-grootte wild in Afrika. *African Medium Game Cartridges* is 'n hardebandboek in grootformaat gedruk (210x275mm) en beslaan 496 bladsye. Dié volkleurboek bevat 380 foto's wat oor nege hoofstukke versprei is.

In die inleidende hoofstukke bespreek Pierre aspekte soos doodmaakteorieë oor kalibers, terminale koeëlprestasie, sekondêre ontploffing, trauma-faktorbenadering en vele meer.

Herlaaidata wat in die boek vervat is, sluit 7 300 Somchemladings in. Ander inligting wat



saamgestel is en die struktuur van die boek vorm, is die 38 kaliberbesprekings met herlaaidata – van die .270 Win af tot by die .303 British.

\* Die boek kos R950. Bestel dit by adventure@aimshow.co.za



From left to right: Bernard Classen of Helber, sponsor of the Titan bullets and the impala hunt; Clive Aitchison, winner of the competition; and Jan Lubbe owner of Sons of Guns, sponsor of the rifle, scope and other accessories.

## SA HUNTERS' LUCKY DRAW WINNER

Clive Aitchison of Maanhaar-rand near Rustenburg is the lucky draw winner of a competition ran by SA Hunters to raise funds for the association's court case against the Minister of Police.

Clive, who is not a member of SA Hunters, won a hunting rifle (Howa .308 Win or 6.5 Creed-moor); a Delta rifle bag; an Allan rifle strap; and a Leupold VX-3i 6.5-20x40 telescope sponsored by Sons of Guns, a firearms dealer in Parys.

He also won two packets of Titan bullets, the development of suitable loads for these bullets for the rifle of his choice and an impala hunt, sponsored by Helber Safaris. The estimated combined value of this prize is R30 000. Not a bad return for

the R50 entry fee Clive paid (which goes towards the Legal Aid Fund of SA Hunters).

The SA Hunters Association has been involved in court action against the Minister of Police since 2016, regarding the relicensing of firearms and other matters related to the Firearms Control Act. The legal fees in this case are high and the competition was launched as a fundraising effort to cover some of the costs.

SA Hunters would like to thank its members, members of other associations, and the general public who bought tickets in support of the association's legal fund. A similar competition might be offered again later this year.

# TITAN

## MONOLITHIC RIFLE BULLETS


Accuracy and Reliability Driven by Innovation

Always available, please contact us or your nearest dealer.

Helber contact:  
bernard@helber.co.za  
072 241 1439  
[www.helber.co.za](http://www.helber.co.za)







## LYNX LX3 2.5-15x50 SA Hunter

### ILLUMINATED SA HUNTER RETICLE

- Aiming points on the reticle make it easy to compensate for distance as well as crosswinds
- Bold reticle lines are easily visible in poor light whilst still being thin enough for accurate shot placement on small targets


### SIDE-MOUNTED FOCUS AND ILLUMINATION SWITCH

- Reticle illumination switches off and on with a single click and recalls your previously-selected brightness setting

### TOOLLESS ADJUSTMENT CONTROLS

- 60 MOA adjustment travel
- ¼ MOA per click

  
EXHIBITOR



Extra low-dispersion glass and the latest anti-reflective lens coating technology deliver a sharp and brilliant sight picture.

[www.lynx.co.za](http://www.lynx.co.za)



011 792 6644



[info@lynx.co.za](mailto:info@lynx.co.za)

## DOOIERUS

## Met 'peil' en boog

Deur HERMAN JONKER



Iemand het eenkeer verduidelik 'n mens het eintlik drie lewens: 'n Openbare lewe, 'n privaat lewe en dan ook 'n geheime lewe.

Wel, dit was seker in die ou dae. Want sedert Big Daddy met goed soos RICA en FICA en vuurwapenlisensies gekom het, voel dit vir my ek het net een lewe: Een in 'n glaskas.

Ek dink dit was die *army* wat my die eerste keer laat suur trek het vir 'n uitvraery. Hulle wou mos alles van jou weet – oumagrootjie se volle name, jou kerkverband, bloedgroep, skoengrootte, die lot – sodat hulle jou volledig kon besit. Of miskien was dit die skoolhoof, daardie keer toe hy my so ver probeer kry het om te split op die ander ouens wat ook gerook het. Of dalk was dit die stomme ou Ant Tossie, wat destyds oorkant die straat gebly het en mens oor en oor dieselfde ding kon vra in haar malligheid, foeitog.

Maak nie saak nie. Maar wat my uiteindelik verby gatvol gedryf het, is meningspeilings.

Aanvanklik doen 'n mens dit mos maar. Jy stem in om tien minute van jou tyd af te staan en jy maak jou kruisies in die blokkies en jy gee punte van een tot tien en jy krap kop en hark die hoeke van jou gewete vir eerlike antwoorde, want jy glo mos êrens gaan dit bydra om iets te verander. As die heelal net eers hoor hoe jy dinge sien, sal dit mos van die wêreld 'n beter plek maak.

Ja swaer. Was al daar.

Openhartig getuig oor watter soort sjampoe ek my hare mee was, gebieg oor watter radio-

stasies ek na luister en breedvoerig verduidelik wat ek dink van Nando's se spyskaart, *Playboy* se artikels en Nissan se naverkoopdiens. Om die waarheid te sê, ek kan aan geen persoonlike menings dink wat nie al êrens opgeteken en ontleed is nie.

En tog is daar daardie een vraag wat elke keer weer opduik.

*Hoekom jag jy?*

Miskien is dit net ek, of miskien is dit die kringe waarin ek beweeg, maar daardie vraag is vir my die mees deurtrapte pei-

'vraeboog'? Skuus as ek dom is, maar waar kom 'n 'boog' in die prentjie as dit pleinweg 'n lys vrae is wat ter sprake is?)

Hoekom jag ons?

Ja, ek weet. Bla, bla, bla, bla. Maar hoekom geniet ons dit werklik so? Hoekom voel die hele trippie, die hele wegbreek bos toe, dan net so... reg?

Want dit IS reg. Dit is per slot van sake waar ons eintlik hoort, waar ons DNS, ons oersweet, die hele aard van ons wese, histories lê: in die jagveld. Die veld

Om te jag is bloot normaal – dis al vir eeue en eeue *homo sapiens* se natuurlike gedrag – so wat daarvan?

lingsdrumpel na KFC se *Please tell us how we can serve you better*-toonbankkaartjies.

Jip. Alweer 'n jagpeiling. Nogmaals dieselfde vrae. En dan, maande later, met trompetgeskal asof student X se navorsing 'n totaal nuwe skat van kennis ontsluit het, dieselfde holrug bevindings:

Ons jag vir die buitelig ja, en die lekker organiese vleis, en die besondere konneksie met die natuur, en die uitdaging daarvan ja, en, en, en.

Almal 100% waar en 100% geldig.

Maar ons *weet* dit! Lankal! Om die waarheid te sê, dit was so vanselfsprekend dat ons nooit nodig gehad het om daaroor te dink tot dié simpel vraeboë gekom het nie.

(Terloops: Wat vir 'n woord is

en sy op-die-hoef spens is in ons bloed, dis ons erflike werklikheid, vir honderde en honderde geslagte al.

Dit is eerder die mens se ander lewe – daardie sielvernietigende een wat die afgode hom mettertyd geleer het om te ly – wat vals is.

Daar is robomens vasgevang in 'n dwelmbestaan waar sy brein daagliks gestimuleer word met 'n oordosis mededingende materialisme. Uur na uur trap hy die wiletjie vir beloning, met een oog deurgaans op die spieël van eie aansien.

Hy lewe in kunsmatige lig en versorgde lug en hy veer sy nes met allerhande luukses, en tog bring dit hom geen geluk nie. Intendeel, hy jaag en stres al meer tot hy bleek en ongesond is en uiteindelik sterf aan hart-

vatsiektes of een of ander gewelddadige gebeurtenis.

En al wat dit eintlik sou verg om hom uit so 'n gevange bestaan te ruk en 'n slag in voeling met sy natuurlike wese te bring, is 'n goeie bietjie bos.

In die bos, met die kampvuur se oeroue flikkers wat sy siel self, vind die mens homself weer. Hy ontdek wat hy langs die pad verloor het, hy kry weer 'n besef van sinvolle bestaan en hy ervaar weer die warm boesem van heil-same ou Moeder Natuur.

Uitsonderlik?

Glad nie. Dit is hoe dit is, en nog altyd was.

So asseblief, aan al die begeesterde studente en statistiekdeurklapte akademici daar buite: Moenie weer vir ons kom vra hoekom ons jag nie. Dis 'n dom vraag.

Om te jag is bloot normaal – dis al vir eeue en eeue *homo sapiens* se natuurlike gedrag – so wat daarvan?

Gaan doen eerder 'n studie oor mense se ONnatuurlike gedrag. Hoekom hulle kies om in vuil stede saam te bondel. Hoekom hulle al hulle dae daaraan wy om blink goed te versamel en dan mekaar se kele afsny in 'n stryd om die besit daarvan. Hoekom hulle tevrede is met flentertjies vleis vol chemikalieë wat uit voerkrale kom, en les bes, hoekom sulke gemuteerde aardlinge dan dink om te jag is 'n afwyking.

Gaan vind daai 'n bietjie uit asseblief. Veral laasgenoemde. Met peilings, boë, of wat ook al. Want wraggieswaar, dit bly vir my 'n raaisel. ☹

# Jagwinskopies

**NWK**  
RETAIL

Welkom by die familie!

Promosie geldig vanaf 9 April tot 12 Mei 2018

Wapens en jagtoerusting



Remington ADL  
TAC 6.5 Creedmoor  
**R9399.00**



Remington 700VTR  
.308 Win  
**R16299.00**



Remington Mod 783  
.30-06 Springf  
**R7799.00**



Howa Varminter  
Hogue .22-250 Rem  
**R8099.00**



Howa Hogue 6.5  
Grendel 20"  
**R8299.00**



Howa Varminter  
Hogue Vlekvrye Staal  
6.5 Creedmoor 24"  
**R9599.00**



Marlin XS7 Varmint  
.308 Win  
**R8799.00**



Maverick-pompakshielgeweer  
12 boor  
**R5499.00**

**Begin van seisoen-  
wapenuitverkoop!**

**Meer as een honderd  
vuurwapens van verskeie  
kalibers en make  
besikbaar teen kosprys!  
"Like" ons Facebook-blad  
NWK RETAIL of besoek  
ons webwerf by  
[www.nwk.co.za](http://www.nwk.co.za)  
en kyk onder promosies  
vir meer inligting.**

## NWK Retail-winkels

Sekere produkte slegs by geselekteerde winkels beskikbaar. Alle pryse sluit BTW in - Terwyl voorraad hou - Foto's slegs ter illustrasie - BFW

Delareyville  
Koster  
Lichtenburg

053 948 0907  
014 543 2016  
018 632 5071

Randfontein  
Zeerust  
Petit

010 595 4069  
018 642 1130  
011 965 0005/6/7

Ontvang al jou NWK-promosies elektronies!  
Besoek [www.nwk.co.za](http://www.nwk.co.za) en teken in om promosies via e-pos te ontvang.

VOLG ONS OP  
[www.nwk.co.za](http://www.nwk.co.za)





**B**laser is bekend vir hul hoë-kwaliteit gewere met die unieke reguit-trek-aksies en lope wat blitsvinnig kan ruil.

Hierdie Duitse maatskappy bemark deesdae ook optiese produkte en Blaser-verkykers is reeds bekendgestel. Nuut in die mark is hul geweertelkope wat beslis aanklank by jagters sal vind. Blaser se Infinity-reeks is tydens die onlangse IWA-skou in Neurenberg, Duitsland bekend gestel. Daar is drie modelle, naamlik 'n 1-7x28, 'n 2.8-20x50

en 'n 4-20x58. Met hul leuse, *With the eyes of an eagle*, dui Blaser aan dat hierdie produkte se optiese kwaliteit uit die boonste rakke is.

SA JAGTER/HUNTER was gelukkig genoeg om 'n demonstrasiemodel, 'n 2.8-20x50, in die hande te kry vir 'n vinnige skietbaantoets.

Drie dinge het dadelik opgeval toe ek die teleskoop in my hande hou; die diepgroen kleur waarin dit afgewerk is, die sogenaamde *rail* of spoormonteersisteen en die slanke lyne van die

teleskoop. Laat ek sommer dadelik noem: Blaser gaan hierdie teleskope net met die spoorstelsel bemark, hulle het op die oomblik geen planne om hul teleskope so te bou dat dit met konvensionele ringe gemonteer kan word nie.

Vir Suid-Afrikaners wat gewoon is aan teleskoopringe, lyk die spoorstelsel vreemd en jy wonder dadelik of dit die teleskoop voldoende op die geweer sal anker. Wel, wees nie bevrees nie. Europeërs gebruik hierdie stelsel al vir baie jare en dit

werk uitstekend, selfs op grootkaliber-gewere wat kwaai skop.

Omdat dit 'n Blaser-teleskoop is, het ons besluit om dit op 'n Blaser-geweer te toets – een in .270 Win wat ek onlangs aangeskaf het. L&O van Pretoria, die plaaslike agent vir Blaser, het die teleskoop verskaf en ook van Norma se Kalahari-fabrieksammunisie wat met 120gr-mometaalkoeëls gelaai is.

Op die Premier-skietbaan naby Cullinan het ek die Normas oor Cassie Nienaber se chronograaf geskiet en gevind die

# Blaser se arendsoog

Deur KOOS BARNARD

Blaser se Infinity-teleskoop “kyk” 'n barshou.



Ons het die Blaser Infinity 2.8-20x50 op 'n Blaser-geweer in .270 Win getoets. Hierdie teleskope val in dieselfde klas as ander topgehalte Europese produkte.



**Foto 1** toon die stelknop vir hoogte in die af-posisie en die knop van die kruishaarskakelaar ingedruk. **Foto 2** wys die stelknop vir hoogte en die kruishaarskakelaar uitgetrek. In **Foto 3** word die stelknop vir rigting gewys sonder die beskermende propjie.

120-greiner wikkel teen 3 179vps so 5m van die tromp af (Norma se aanspraak is 3 248vps).

#### DIE KORT EN LANK

Voor ons die toets bespreek, eers so 'n bietjie algemene inligting. Die 2.8-20x50 is 34.3cm lank en weeg 770 gram. Dit het 'n vinnig-verstelbare oogstuk om die kruishaar te fokus en die oogafstand vir die oogstuk is 90mm – lank genoeg om te verhoed dat 'n magnum-kaliber jou op die oog sal piets. Die veldwydte wat jy kan sien op 100m is 13.2m op 2.8x-vergroting en 1.9m op 20x-vergroting.

Blaser se Infinity-reeks is duidelik teleskope wat vir jag bedoel is – die kruishaar is baie eenvoudig en het 'n swewende senterkolletjie. Daar is geen ekstra afmerkies en ander fieterjasies soos wat vervaardigers deesdae lief is om by die kruishaar te voeg nie. Die Blaser se senterkolletjie kan wel verlig, iets wat in Europa noodsaaklik is, want daar word baie in swakbeligte woude en in skemerlig gejag. Selfs hier by ons is 'n verligbare senterkolletjie baie handig onder sekere ligtoestande.

Dan is die kruishaar ook by die eerste fokuspunt (*first focal plane*) in die buis aangebring, wat beteken dat die kruishaar “groei” en “krimp” as die vergroting hoër of laer gedraai word – in gewone spreektaal praat ons sommer van FFP-teleskope. Wat in werklikheid gebeur, is dat die grootte of die afmetings van die kruishaar dieselfde bly, relatief tot die grootte van die

teiken (of wildsbok). Die spasie rondom die swewende senterkolletjie bly byvoorbeeld 2.5cm op 100m op alle vergrotings. Met teleskope waar die kruishaar op die tweede fokuspunt geplaas word, sal die spasie “kleiner” raak soos wat die vergroting hoër gedraai word.

Die stelknoppe vir hoogte, rigting, parallaks en kruishaarverligting is op die normale plek, maar Blaser het die stelknoppe vir rigting en parallaks/kruishaarverligting omgedraai. Die stelknop vir rigting sit links op die Blaser-teleskoop en die parallaks-stelknop regs. Soos deesdae algemeen aangetref word, vorm die parallaks-stelknop en die kruishaarverligting-skakelaar 'n integrale eenheid.

Hierdie stelknop het twee ringe waarvan die buitenste een die kruishaar-skakelaar is. Trek bloot dié ring uit en die kruishaar se senterkolletjie word helderder verlig. Die ring is ook “veerbelaa” – draai dit weg van jou af en hou dit vas om die helderheid van die kolletjie te laat toeneem. Draai dit in jou rigting, hou dit vas en die helderheid neem af.

Jy kan natuurlik hierdie kolletjie outomaties aanskakel as jy jou geweer se slagpenveer (*cocking slide*) span. Dit geld egter net vir gewere wat met die soognaamde *Illumination Control Cocking Slide* toegerus is. Dié oorhaalmeganismes is van Blaser beskikbaar. Hoe dit ook al sy, die senterkolletjie se verligting werk baie goed en die kolletjie is duidelik sigbaar, selfs in

die helderste sonlig.

Die 1-7x28 se senterkolletjie is ietwat uniek. Blaser noem dit die *Intelligent Variable Dot* (IVD). Die senterkolletjie word 'n bietjie groter van 1x-vergroting tot 4x-vergroting en kleiner teen 5x-, 6x- en 7x-vergroting. Teen die laer vergrotings is dit groter sodat die skut dit makliker kan sien wanneer daar byvoorbeeld tydens dryfjagte na hardlopende wild geskiet word.

Om die parallaks te stel, word die binneste ring van die stelknop, wat 'n bietjie uitstaan, ook uitgetrek (weg van die buis af) om dit te ontsluit. In die sluitposisie is die parallaks gestel vir 100m. Parallaks is verstelbaar vanaf 50m tot oneindigheid. Dis egter net vir 100m wat die stelring 'n sluitposisie het. Die binneste ring van die stelknop (vir

parallaks) wat uitstaan, maak dit makliker om te gebruik. Sommige teleskoopfabrikate se kruishaarverligting en parallaksring is bykans dieselfde grootte en is minder gebruiksvriendelik. Volpunte aan Blaser daarvoor.

Soos met baie Europese teleskope, stel die Blaser Infinity-teleskope ook 1cm per klikkie op 100m. Die stelknop vir hoogte het 'n sluitfunksie – jy moet eers die knop oplig of optrek voordat dit kan draai. Die sluitfunksie geld egter net vir jou instelafstand en vir die eerste vier klikkies (4cm) wat jy aan stel vir hoogte. Draai jy meer as vier klikkies aan vir langer afstande, sluit die stelknop nie meer nie. Blaser se motivering vir hierdie beperkte sluitfunksie is dat jagers hoofsaaklik hul gewere op 100m instel en meest->



Die Blaser-teleskoop het 'n eenvoudige kruishaar met 'n senterkolletjie wat kan verlig en waarvan die intensiteit kan stel.



Voor is die 1-7x28 Blaser en agter die 4-20x58-model. Soos ander topklas teleskope vanuit Europa is die Blasers peperduur.

» al op afstande van tussen 100m en 200m skiet. Sou jy by geleentheid verder skiet, sal die opgeligte stelknop jou met 'n oogopslag daaraan herinner om die teleskoop terug te stel na die afstand waarop jy die meeste skiet.

Met 'n spasie wat 2.5cm op 100m verteenwoordig tussen die senterkolletjie en elk van die vier bene van die kruishaar, kan die onderste vertikale been se bopunt as 'n afmikmerkie gebruik word. Met die .270 Win byvoorbeeld ingestel op 200m, sal die bopunt van die onderste vertikale been die zero-afstand verleng tot ongeveer 260m toe.

Omdat dit 'n jagteleskoop is wat vir realistiese jagafstande gebou is, is die totale verstelspektrum 115cm op 100m vir hoogte en 50cm vir rigting op dieselfde afstand.

**DIE TOETS**

Ek het net 27 patrone gehad vir die praktiese toets op die skietbaan, so daar was nie ammunisie om te mors nie. Die teiken is

op 33m opgesit, waarna ek 'n skoot geskiet het (ons het nie die teleskoop voor die tyd rofweg ingestel nie). My eerste skoot het laag en regs getref en nadat ek die koeël gat se afstand van die kol af gemeet het, het ek die nodige verstellings gemaak. Twee skote later was ek basies in die kol.

Op 100m het die geweer toe hoog geskiet (sowat 60mm) en ek het ses klikkies afgestel en twee klikkies na links toe. My drieskoot-groepering het sowat 30mm gemeet en mooi in die middel van die 5cm-kol gebondel. Die Blaser hou meer van 130gr-koeëls en swaarder (met Norma se 150gr Oxyx-ammunisie skiet dié geweer drieskoot-groepings van kleiner as 20mm op 100m).

Ek het die teleskoop weer vyf klikkies opgestel sodat die skote 5cm hoog land op 100m en nog 'n groepering geskiet – die Blaser het weereens getoon dat die 120-greiners nie heeltemal sy kos is nie en die groepering het

28mm gemeet.

'n Seer nek maak dit vir my deesdae moeilik om 'n klomp skote van 'n skiettafel af te skiet en ek het voortgegaan om oor my veldskietstokke te skiet. Daarmee kon ek twee keer drie skote kry om in net minder as 35mm te groepeer. Die laaste paar patrone het ek op klippe teen die skietwal losgelaat – sommige kere met die senterkolletjie se liggie aangeskakel en die laaste vyf skote met die kolletjie afgeskakel.

**DIE BEVINDING**

Dis moeilik om 'n teleskoop goed te beoordeel as jy net 27 skote skiet, maar die Blaser het elke keer presies en herhaalbaar gestel. Die klikkies was maklik voelbaar en die werking van die stelknoppe getuig van 'n hoë-kwaliteit produk. Ek was oor die algemeen baie beïndruk met die afwerking van die teleskoop en die vakmanskap wat in die produk ingebou is.

Soos te verwagte van 'n top-

klas-fabriek, is die optiese kwaliteit van die Blaser Infinity-reeks absoluut onverbeterlik. Dit is in dieselfde klas as byvoorbeeld Swarovski, Zeiss en ander topklasprodukte.

Groot, swaar teleskope met reuse-stelknoppe is deesdae aan die orde van die dag, maar die Blaser Infinity se lyne is sag op die oog en die oogstukke is nie so vet soos baie ander hoë-kwaliteit teleskope s'n nie. Ek het ook baie van die kruishaar gehou – daar is nie allerhande fierjassies aan wat jou oog se fokus wegtrek van die senterkolletjie af nie.

Wat Blaser reggekry het, is dat die kruishaar op die laagste vergroting nie so dun is dat jy dit byna glad nie kan sien nie. Die senterkolletjie wat verlig, help diegene soos ek wie se oë dit moeilik vind om dun kruishare raak te sien. Op die maksimum vergroting (20x in die geval van die toetsteleskoop) is die kruishaar ook glad nie te dik nie. Die Blaser Infinity se kruishaar is werklik van die beteres wat ek al in FFP-teleskope gesien het.

Ek is hoogs beïndruk met Blaser se eerste probeerslag in die teleskoopmark en beveel hierdie produk met die grootste vrymoedigheid aan. Blaser-teleskope sal later vanjaar in Suid-Afrika beskikbaar wees en demonstrasie-modelle sal by HuntEx besigtig kan word. Die verkoopprijs sal ongeveer tussen R52 000 en R54 000 wees.

\* Vir meer inligting kontak die plaaslike agent L&O in Pretoria by 012-819-7800. 📍

# SAFARI OUTDOOR

# JAG "APP"

**VEILIG +  
PRIVAAT**



## LAAI & DEEL

### jou jagfoto's & avonture

**INSTALLEER VANDAG, DIS GRATIS**



Besikbaar op die  
**App Store**



KRY DIT OP  
**Google Play**

**SLEUTELWOORD (SOEK VIR): SAFARI OUTDOOR**

# SAFARI OUTDOOR

# KYK DUISENDE VAN DIE WÊRELD SE BESTE OUTDOOR-TV-REEKSE. NOU DADELIK.



**MyOutdoorTV** is die splinternuwe toep wat gedryf word deur die wêreldleiers in avontuur-TV-kanale: *Outdoor Channel*, *Sportsman Channel* en *World Fishing Network*. Dit bied 'n reuse-verskeidenheid eksklusiewe visvang-, jag- en sportskiet-TV-reekse. As dit nie jou avontuurlus bevredig nie, is daar ook "how-to"-video's en selfs kookprogramme wat fokus op wildsvleis. Stroom video of laai dit af op jou toestel - **kyk dan enige tyd, enige plek.**

**MOTV**  
MYOUTDOORTV®  
ADVENTURE. TO GO.™

BEGIN U GRATIS  
TOETSPERIODE  
**NOU**

PER MAAND  
**\$9.99\***

PER JAAR  
**\$99.99**

\*ongeveer R120 teen huidige wisselkoers

Download on the  
App Store

GET IT ON  
Google Play



The Garmin Xero Bowsight.



The new Ravin R20 Crossbow.



IQ Bowsights - Rangefinder sight.

# Archery Trade Association Show

By DANIE GEEL

**T**his annual show in Indianapolis is the biggest of its kind. In 2018, 659 exhibitors showed off their goods in an exhibit space covering 52 800 square feet.

The number of products and brands on show was overwhelming – I haven't even heard of some of the bow manufacturers that were there. While many of the new products are practical and handy some are not and we saw stuff that would definitely not be suitable for the African market.

**However, there were products that stood out for me and here is a short summary of some of them:**

## THE GARMIN XERO BOWSIGHT

This incredible piece of equipment was one of the main attractions at the show. The Xero A1 and A1i sights are auto-ranging bowsights that automatically measure the distance to a target and provide a precise, virtual lighted sight-pin

for the shot.

These sights make the use of a rangefinder redundant as they range the distance and then automatically adjust the sight-pin for that distance. It weighs almost nothing and does not disturb the balance or feel of the bow. This smart sight also won't adjust the virtual sight-pin for a distance that you have not used before. Let's say your maximum distance when practicing was 50m, then the sight will only range and make adjustments to the sight-pin for 50m.

The A1i has extra features, such as Garmin's Laser Locate. This function saves the location when you take a shot – to help you return to the spot if necessary.

The Garmin Xero Bowsight is something that all spot-and-stalk hunters would find useful.

## THE NEW RAVIN R20 CROSSBOW

With the slogan "Meet your next rifle" this company makes quite a bold statement, however the proof of the pudding is in the eating, or should I say cross-

bow? With Ravin's HeliCoil technology, groups measuring three inches at 100 yards are possible. It is incredible accuracy from a crossbow and the product is something I am definitely going to field test this year. Capable of launching arrows up to 430fps, this compact crossbow is extremely lethal.

Those who regularly hunt in bushveld conditions where 100m is a long shot (and people who are tired of going through the schlep of trying to license a firearm) should look at this crossbow. Remember that no licenses are required to own and use crossbows.

## RAVEN IN-ARROW TRACKING SYSTEM:

The Raven Recovery System is designed to ethically recover game and is the first in-arrow, long-range tracking system. It consists of a transmitter fitted to the arrow that allows the bow hunter to "follow" and recover the arrow at distances up to 7km. It will not only help you to

recover your arrow but also the game you have shot.

This lightweight system works with a battery that will last for 24 hours. I think this can be a game changer for game farms as well as serious bow hunters that go after hippo and crocodile. Normally these animals retreat to deeper water after being hit and the tracking system will thus make recovery much easier. In my opinion this will also make hunting buffalo with a bow much safer, especially if the hunter's first shot was a bad one and the arrow is still stuck in the animal. Knowing where that animal is will give the hunter/PH an advantage to deliver the *coup de grâce*.

## NEW COMPOUND BOWS

The leading brands such as Hoyt, Elite, Bear and Mathews, just to name a few, had their 2018 line-ups ready for everyone to test at the show. It is incredible how the bow manufacturers just keep on improving their bows each year.

For me the biggest surprise was to shoot the new Ritual from Elite Archery. This bow was a lot of fun to shoot! The draw cycle is very smooth and overall it just performed above my expectations. In my opinion this is a perfect bow for the hunter who doesn't get time to shoot on a daily or even a weekly basis. My dad, for example, would love this bow as he only starts practicing a few weeks before a hunt.

Hoyt Archery on the other »





**REDWRX™**



**HuntEx™**  
2018  
EXHIBITOR

Stand 312

NOT ALL BOWHUNTERS ARE CREATED EQUAL.



A NEW CLASS OF BOWS. BUILT FOR  
BOWHUNTERS WHO DEMAND EVERYTHING.

CARBON  
**RX-1**



Distributed by :



**MAGNUM**  
ARCHERY

PRETORIA EastDale Pavilion Center - Top Floor  
Corner of Solomon Mahlangu and Jacqueline Street, Garsfontein, Pretoria East  
Cell | 082 900 5598 or 083 610 0582 E-Mail | seppie@magnumarchery.co.za

KEMPTON PARK  
95 Parklands Drive, Esther Park,  
Cell | 083 610 0630 or 011 393 6155 E-Mail | dale@magnumarchery.co.za



Tactacam.



Rambo Electric Bike.



AccuBow.

» hand is well known for their incredible carbon bows. In my opinion they are the market leaders. This year's REDWRX line-up is no different – these bows are extremely well engineered and there is a distinctive difference in “feel” between them and other bows made from aluminium.

**RAMBO ELECTRIC BIKES**

This fat-tire electrically driven bicycle is something I wish we had in SA. This will make commuting from the lodge to the hide or even the spot where you want to hunt quieter and more efficient. These bikes are currently doing very well in the US, but unfortunately no South African company is importing them yet.

**NEW ARCHERY PRODUCTS' POP-UP BLIND**

NAP's new Mantis Ground Blind is one of the best designed pop ups I have seen so far. The asymmetrical design of this ground blind along with a peaked roof and exclusive camo



New Archery Products' pop-up blind.

design, specifically for ground blind use, provides the ultimate concealment.

This lightweight blind will make it easier to “brush in” and I think it will be very stable in windy conditions. I have heard many stories of blinds collapsing or breaking during windy or rainy weather. The sturdy Mantis can take a lot of weight (from water) and endure a lot of abuse from the wind.

**IQ.BOWSIGHTS – RANGEFINDER SIGHT**

IQ Archery also launched a bowsight with a build-in range-finder. It works like a charm and spot-and-stalk hunters will also find it useful. It is well built but a little on the heavy side. This is luckily easily fixable by using a heavy stabilizer on your bow.

**TACTACAM**

Tactacam has been on the market for a couple of years, and have made significant improvements to the quality of their products. This camera can be used on bows, crossbows or rifles. It's a lightweight unit that comes with a variety of mounts, enabling hunters to use these cameras on different weapons as well as in different locations on each weapon.

The 4th version has a 5x zoom and captures the footage in Ultra-HD at 2.7K at 30fps and 1 080p at 60fps. Fitted with only one operating button, this is a user-friendly product.

**ACCUBOW**

The AccuBow is an awesome

training device. It helps building form and strength in the comfort of your own home. The company launched the world's first augmented reality archery training app during the show. The app enables you to ‘shoot’ an arrow at a target and even an animal (when set to “hunting mode”). The app makes it more realistic and a lot of fun – a group of friends together will quickly get competitive with it.

The AccuBow is something that will help women and even young children to build archery-specific muscles that will help to increase their ability to draw high poundage bows. It is a very handy training device.

**CLOTHING AND ACCESSORIES**

In addition to the bows and bow accessories, clothing brands such as Under Armour Hunt, Sitka, Nomad and Realtree had big booths at the show and it is amazing to see that they are still capable of coming up with new products every year.

Companies that manufacture and/or distribute broadheads displayed their wares as well. My favourites are the Muzzy Trocar Hybrid Titanium (I personally have hunted a lot of animals with this broadhead's predecessor) as well as G5's Deadmeat Broadhead.

Stealth Cam from GSM Outdoor also came up with amazing new trail cameras which will be available in the RSA very soon. The best part of the trail camera industry is that prices are coming down. Stealth Cam

by GSM Outdoors is a well-priced product.

On the accessories side of things, companies such as Spot Hogg, Scott, Axcel, TruFire and Carter brought a lot of new and exciting products to the table that will also soon be available in South Africa.

Meeting some of my role models and heroes was a big privilege – guys such as Adam Greentree, Cameron Hanes and John Dudley. Meeting Jim Shockey and talking about his adventures was surreal, he's truly a living legend (and yes, I did take a picture with his daughter, Eva). The guys from the Bone Collectors are super nice. The list just goes on and on...

Attending the 2018 ATA show was a real eye-opener for me. It made me realize that archery and bow hunting have a lot of potential to grow in South Africa. We are sitting in the middle of one of the world's prime hunting areas, something I think we take for granted at times. All of the people whom I have met have an African visit on their bucket lists.

If you haven't tried bow hunting yet, give it a shot. We have top-class shops in South Africa that will be more than willing to assist. If compounds or traditional bows do not excite you, try out a crossbow. Taking up archery and/or bow hunting is an exciting journey – I still learn new things every day and I really love the struggle to be successful on a hunt.

Be careful though, bow hunting is very addictive... 🏹

# Republic Arms



77 Auret Street, Jeppe, Johannesburg • P.O. Box 33346, Jeppes town, 2043  
Tel: 011 447 6965 • Fax: 086 511 7768 • Cell: 082 568 0219 (Jeff Smale)  
Email: info@republicarms.co.za

**ALL ENQUIRIES WELCOME. Contact us for your nearest dealer.**

## Republic Arms

CELEBRATING  
50 YEARS  
IN  
SOUTH AFRICA



50<sup>TH</sup>  
SPECIALS



*Xtrail  
Tartaruga*



*Xtrail  
Silver*



# *Bettinsoli*

**in South Africa  
by Republic Arms**

Hall 5  
Stand 511

HuntEx<sup>™</sup>  
2018  
EXHIBITOR



Die koedoebul waarvan ek in die storie vertel. By my sit die gids, Boesman Voloo.

**E**k het nog nie baie in die verre noorde van ons land gejag nie en toe die geleentheid hom vroeg in die jaar voordoen, het ek die uitnodiging sonder skroom aanvaar.

My bestemming was die Limpopo Valley Conservancy, 'n
